# SAMESTELLING VAN DIE KIESKOLLEGE VAN SKENKERS AAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

Die kieskollege van skenkers aan die Universiteit Stellenbosch is soos volg saamgestel:

1. Alle skenkers (individue) wat op 9 Mei 2016 lede van hierdie kieskollege was

2. Alle skenkers (individue) wat sedertdien R25 000 of meer aan die US geskenk het

   Individue is geregtig op ’n stem vir elke R25 000 wat hulle geskenk het; d.w.s. as iemand R100 000 geskenk het, is hulle daarop geregtig om vier stemme tydens ’n verkiesing uit te bring.

3. Alle maatskappye of ander instansies wat in die afgelope drie jaar R250 000 of meer aan die US geskenk het

   Maatskappye kry ’n stem vir elke veelvoud van R250 000 wat hulle in hierdie tydperk geskenk het; d.w.s. ’n maatskappy wat R1 miljoen geskenk het, is daarop geregtig om met elke stemming vier stemme uit te bring. As ’n maatskappy/instelling minder as R250 000 oor die afgelope drie jaar geskenk het, verbeur dit die reg om te stem.

   *Let wel*

   (a) Die skenkings hier bo kan in die vorm van kontant, eiendom of iets anders wees, solank die geldwaarde van die skenking bepaalbaar is.
   (b) In die geval van individue sal geen lid van die kieskollege van skenkers hulle lidmaatskap ontneem word as die Raad by geleentheid die gestelde bedrag verhoog nie.
   (c) Die US Stigting sal maatskappye/instellings wat vir lidmaatskap van die kieskollege in aanmerking kom, versoek om ’n persoon uit hulle maatskappy/instelling aan te wys wat sal stem wanneer skenkers Raadslede help verkies.
   (d) Die reëls om as lid van die kieskollege van skenkers in aanmerking te kom, moet al om die vyf jaar hersien word.

**RAAD, 9 MEI 2016**

OD\Verkiesings\Raad\\Donateurs\Donors’ limit Council May 2016 FINAL (with amendments incorporated)